

Apart from their instructiveness and significance for the man in the street, place names are also an important source of information for the professional historian. According to Nicholas Gould the study of place names could be as fascinating and valuable historically as that of archaeology. Since they are to a large extent resistant to change, place names sometimes survive for centuries. Therefore a place-name study can reveal much about the pattern of early settlement, the pioneers and their language, their beliefs or way of life, the original landscape, historical events and socio-economic development. On these and other matters Raper's *Dictionary* thus provides the local and regional historian with invaluable research material. Another asset of this book proves to be the officially approved spelling of names, which is preceded by an asterisk.

Although I agree with Sheila Embleton, an expert on toponymy, that Raper's book is so excellent that there is almost nothing that one could criticize, it has a few shortcomings. First of all the author did not bother either to explain geographical and topographical concepts such as *city, town, village, settlement and community centre*, or the differences between those. Secondly, the term *Southern Africa* in the title is somewhat arbitrary: the inclusion of Botswana and Namibia but not Zambia, Zimbabwe or Angola is a strange decision. The author's motivation that it has not been the 'intention to cover all Southern African countries' (p. ix) lacks sufficient substantiation.

Issues such as criteria for the selection and the comprehensiveness of place names are almost inevitably to be raised in a review of the present publication which actually 'may be regarded as a step towards the final work' (p. 5) on this topic. The accomplishment of something of such magnitude obviously is an ongoing and possibly endless process.

At the same time the completeness of the future publication(s) will remain debatable: many readers of the new edition(s) will be looking in vain for specific names of interest to themselves. Admittedly the author makes no pretence to being exhaustive — the 'modest' title *A dictionary ...* is even used on the dust jacket and spine of the book (that, incidentally, does not accord with merely *Dictionary ...* on the title page)! Raper's attempt to include such a vast number of entries deserves merit, though it is regrettable that the revised edition of the bilingual *South African place names by magisterial areas* (Johannesburg, 1982) has seemingly not been consulted.

Another criticism is the absence of a map to orientate the user, a flaw which has also been pointed out by some of the reviewers of Raper's first edition. Finally, a brief historical summary (as an introduction) might also be useful.

In sum, this semi-popular guide to the major place names in Southern Africa is based on sound scholarship. It provides a wealth of information as well as hours of reading pleasure to both the layman and the expert.

C.C. ELOFF

Human Sciences Research Council



M. SIENAERT-VAN REENEN, *Die Franse bydrae tot Africana-literatuur, 1622-1902*. Human & Rousseau: Kaapstad en Pretoria. 1989. 286 pp. R35,00 (eksklusief). ISBN 0 7981 2370 2.

Wat kultuurgeskiedskrywing in Suid-Afrika betref, is die verskyning van hierdie boek belangrik. Na die publikasies van Africana-kenners soos Raven-Hart, Forbes, Gordon-Brown, Bradlow, Kennedy en Colvin in die jare sestig en sewentig, is daar min oor Africana-literatuur in Suid-Afrika gepubliseer. Oor die bydrae van Franssprekendes tot Africana-literatuur is op enkele uitsonderings na, soos die reisbeskrywing van Le Vaillant, besonder min geskryf omdat Suid-Afrikaners gewoonlik nie Frans magtig is om die ou reisbeskrywings, dagboeke, briewe en ander dokumente te ontsyfer nie. Die getuienis van Franssprekendes is gevolglik 'n kultuurhistoriese bron wat grootliks onbenut is.

Die outeur, dr. Marilet Sienaert-van Reenen, het talryke Franse tekste geïdentifiseer en gedeeltes daarvan in Afrikaans vertaal in 'n proefskrif vir die doktorsgraad wat sy in 1985 aan die Universiteit van Natal verwerf het. 'n Groot verskeidenheid dokumente is opgediep, soos die getuienis van Franse seevaarders, Hugonote, reisigers, sendelinge, onderwysers en skrywers.

In die eerste gedeelte word 'n algemene agtergrondgeskiedenis van Franse kontak met Suid-Afrika tot 1902 gegee om die Africana-literatuur in die tweede gedeelte in chronologiese konteks te plaas. Die gegewens word saamgevat uit gepubliseerde bronne soos E. Strangman se *Early French callers at the Cape* (1936).

'n Sinchroniese ondersoek na relevante tekste uit Africana-literatuur volg in die tweede afdeling. Die tekste word ingedeel in anekdotes, briewe, dag-

boeke, historiese vertellings, jag- en reisverhale en enkele gedigte en dramas. Volgens die outeur is hierdie tekste die resultaat van 'n steekproef uit Africana-literatuur wat met Frankryk verband hou. Die uittreksels wat opgesom word, is nie bedoel om volledig verslag van die inhoud van die dokumente te gee nie. Die vernaamste opmerkings en beskrywings van kultuurhistoriese waarde word egter uitgelig en in Afrikaans vertaal.

Besonder interessante inligting word verskaf oor die voorkoms en lewenswyse van die Khoikhoi aan die Kaap en die Zoeloe-manier van ysterontginning. Kenmerkende eienskappe van Kaapstad en die binneland, van die fauna en van die Kaapse koloniste blyk uit talle beskrywings. So beny Sonnerat die boere van die binneland hulle rustige lewe 'waar eenvoudige lewenswaardes met die grootste gemoedelikhed uitgeleef word' (p. 198), terwyl Delegorgue in die tyd van die Groot Trek beweer dat die boere niks meer vra as om hulle lewens 'tussen geurige en talryke braaivleisvure en koffie al om die uur' te kan deurbring nie (p. 207)! Aandag word ook gegee aan die daaglikse lewe, onder meer jag- en volksgeneeskundige praktyke. Dit is interessant dat Casalis reeds in 1832 graag met die 'Boer du Cap' wou kennis maak. Die pioniers moet dus in hierdie jare al as 'Boere' bekend gestaan het. Humor bly ook nie uit nie. So vertel Leguat in 1691 van die koel wat in een van hulle skeepskanonne vergeet gebly het na hulle die gebruiklike saluut met hulle aankoms in Tafelbaai afgevuur het. Hierdie koel het 'nadat dit tussen dertig mense deur getrek en een van die sersante aan die snor gekielie het', skadeloos die muur van die kasteel getref (p. 191). Die geskryf van Delegorgue word breedvoerig behandel omdat dit heelwat wetenskaplike uit die tyd van die Groot Trek bevat en nog nooit uit die Frans vertaal is nie. Besonder interessant is ook die Franse pro-Boergedigte tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog.

Met hierdie navorsing is die Franse bydrae tot Africana-literatuur deeglik onder die aandag van veral die kultuurhistorikus gebring. Veel meer is egter bereik. Die doel van die studie was ook om die 'menslike aspek van die geskiedenis' te beklemtoon (p. 121). Uit die steekproef uit briewe, dagboeke, reisbeskrywings, vertellings en ander dokumente het geblyk watter waardevolle kultuurhistoriese inligting daar in Africana-literatuur oor die algemeen opgesluit lê. Uit geen ander bron kan die tydsges, geestesstoestand en lewenswyse van die mens in die verlede beter gerekonstrueer word nie. Die dringende noodsaaklikheid om Franse Africana-literatuur in Afrikaans of Engels te vertaal, is ten slotte die boodskap van hierdie studie.

J. CELESTINE PRETORIUS

Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum



S.B. SPIES (red.). *A soldier in South Africa: the experiences of Eustace Albadie, 1899-1902*. The Brenthurst Press: Johannesburg, 1989. 208 pp. Geill. R225,00 (eksklusief). ISBN 0909079439.

Hierdie publikasie is die sesde in die Brenthurst Second Series en getrou aan die hoe standarde van sy voorgangers word dit gekenmerk deur keurige drukwerk en pragtige illustrasies. Die teks is op ewe voortrefflike wyse deur prof. Burridge Spies versorg. Dit is so volledig geannoteer as wat maar verwag kan word en die redakteur moes groot moeite daarmee gedoen en baie tyd daaraan bestee het. Die omvattende bibliografie en volledige bladwyser vergemaklik die gebruik van die werk aansienlik. Besonder nuttig is ook die inleiding tot elke hoofstuk wat die inhoud daarvan in perspektief stel.

Luitenant Eustace Albadie (22) was 'n lid van die 9th Lancers wat op die voorrand van die Tweede Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika aangekom het. Hierdie regiment was deel van die magte onder aanvoering van lord Methuen en Albadie het gevolglik die Slag by Belmont en die gevegte by Graspan, Modderivier en Magersfontein meegemaak. Hy was voorts betrokke by die onsetting van Kimberley asook by die innome van Bloemfontein op 13 Maart 1900. Van ongeveer hierdie tyd af tot die einde van die oorlog was hy verbonde aan die personeel van genl. J.D.P. French. In hierdie hoedanigheid het hy hom bevind wat besluite op hoe vlak geneem is, en waar hy onder andere lord FS. Roberts en lord H.H. Kitchener leer ken het. Hy het die val van Johannesburg en Pretoria beleef en was betrokke by operasies in Oos-Transvaal en later ook in Kaapland waar die magte van French gedurende die laaste jaar van die oorlog op die Kaapse rebelle jag gemaak het. Hy was betrokke by die hele oorlog in feitlik al sy fasette wat hom 'n gesaghebbende getuie maak.

Die publikasie bevat briewe wat Albadie gedurende sy verblyf in Suid-Afrika aan familie in Engeland geskryf het. Dit word egter in dagboekvorm aangebied sonder aanduiding aan wie dit gerig was. Hierdie eienaardigheid is daaraan te wyte dat die oorspronklike briewe klaarblyklik nie meer bestaan nie. Die publikasie is dus gebaseer op 'n getikte weergawe van Albadie